

Skrifgedeelte: Psalm 35:10-18

Fokusgedeelte: Psalm 35:10-18

Ek vertrou op u regspraak, Here!

Psalm 34 het verkondig dat die Engel van die HERE seëninge bring vir God se volk. Psalm 35 verkondig die Engel van die HERE bring vloek oor die vyande van die koninkryk van die hemele. Soos kaf word hulle weggedryf.

In hierdie tweede deel van Psalm 35 verwoord Dawid sy versugting na die hemel (vs 10). Soos elke gelowige, wat met 'n rein gewete gefrustreerd worstel onder verdrukking en kwade bedoelinge. Dawid verlang na die koninkryk van God, waar liefde en meegevoel heerskappy voer, maar ervaar die koninkryk van die duiwel, waar haat en aanvalle oorheers.

Die HERE verdien nóg baie meer as net die lofprijsing van ons siele, elke geredde mens juig met sy hele wese en bestaan oor die redding en hulp wat God verleen. So beleef Dawid (en ons) die uiteindelijke vyandskap teen God se werk wat in Christus volbring word. Uitverkorenes omhels die Messias en wandel dankbaar in die vrees van die Here. Dié wat Christus egter nie reikhalsend verwag nie, leef in vyandskap teen God en in haat teen sy kinders. Selfs ons mees opregte meelewing met húl hartseer en smarte, verander nie hul bose harte se nyd teen ons nie (vs 14). Afgunstiges juig as die gelowige struikel, sweer feestelik saam en verbly hulle wanneer die regverdige ly. Dawid bid dat die Here sy gelowige siel in hierdie eensaamheid sal versterk (vs 17).

Dawid vertrou God kán alles, hy sien profeties vooruit, hoe God in groot vergaderings geprys sal word vir die redding wat God gee, met die nuwe lied wat nét die uitverkorenes kan sing (Op. 14:3). Dawid verkondig in Psalm 35 vrede vir God se dienaars in die Messiasryk én dat die Here daarom tot in ewigheid geloof moet word.

Sing: Psalm 35-1:6, 7

Ds. LJ (Lou) Erasmus (Emeritus)